



Maya Roon

Maya Ine Carla, gebore Roon, het as sesjarige saam met haar ouers na Suid-Afrika immigrer. Sy matrikuleer in 1977 aan Loreto Kloosterskool in Pretoria. Na 'n studie in joernalistiek aan Rhodes Universiteit, Grahamstad, het sy as departementshoof van die juwele-afdeling in Garlicks gewerk. Kort daarna is Maya met Mike Ruyter getroud. Toe die kinders nog op laerskool was, is hulle De Wildt toe om Mike se tante, Ann Van Dyk met die *De Wildt Cheetah Research Centre* by te staan. Maya het hier wilde diere met die hand grootgemaak en as gids vir toeriste opgetree. Terwyl hulle twee kinders op hoërskool was, het Maya in 1998 'n diploma aan *The Writing School* behaal.

Maya en haar man het elke maand met 'n wegbreekaweek na Pilanesberg gegaan om te ontspan en die natuur te geniet. Met die vele besoeke aan Pilanesberg het Maya se nuuskierigheid die oorhand gekry en kort voor lank het hulle by *Friends of Pilanesberg* aangesluit. Sy het te hore gekom dat hulle iemand soek om te bepaal aan wie die grafte en murasies behoort en met Maya se voorliefde vir skryf en haar droom om 'n joernalis te wees, was sy baie gretig om die projek aan te pak. Sy het vol ywer eers na die landmeter geologiese kaartkantore in Pretoria gegaan en die nodige kaarte aangekoop. Daarna is sy na die aktekantore en het die aktes van Pilanesberg per hand oorgeskryf. Sy het dadelik historiese en bekende name herken, en opgewonde advertensies in die Rustenburg- en Britskoerant geplaas om ander oud-inwoners te bereik. So het Maya *Within the Heart of Pilanesberg* stuk vir stuk begin skryf, en op haar manier oud-inwoners se stambome sonder enige vorige genealogiese ervaring of opleiding probeer bepaal.

April 2022